1.

DIE UITDAGINGS EN LANGTERMYN GROEI VAN ONS GEMEENTE IN DIE TOEKOMS - ‘n oop gesprek vir strategie

Gesprek van Gemeenteleiers op Saterdag 6 Junie 2009 te Vaughan Park, Anglican Retreat and Conference Centre in Long Bay.

Agenda van die daglange gesprek in kleingroepe : 08:30 tot 16: 30

Gesprek 1: Kry ‘n prentjie van ons gemeente

Ons gemeente is immigrante uit Suid Afrika wat uit verskillende tradisionele kerkverbande hier ‘n geestelike tuiste kom soek het. Die gemeente bestaan uit bedieningsareas wat elke ouderdomsgroep verteenwoordig en na elke geestelike en liggaamlike behoefte so ver moontlik voorsien. Ons streef daarna om alle mense oor die kleur, taal en rassegrens te akkommodeer. Verder wil ons erkenning gee aan verskillende generasies en elkeen se unieke styl van aanbidding van God in uitvoering van die groot opdrag volgens Matt 28:19.

Is bogenoemde ‘n ware prentjie van ons gemeente? Wat sou jy in bogenoemde stelling wou verander?

- **Wie is ons en hoe is ons saamgestel?**
- **Waar kom ons vandaan?**
- **Wie is ons nou?**
- **Generasies?**

Hoofpunte:

- Ons Gemeente behoort ook uit te reik na ons Kiwi landsgenote.
- Uitreiking na ander rasse, kleure, tale en kulture sonder om ons eie agtergrond te verloor.
- Samewerking en inskakeling van ander kerke en gemeenskappe.
- Suid-Afrikaners met dieselfde taal uit verskillende agtergronde in ‘n unieke NZ situasie.
- Streef na God se Wil vir ons Gemeente.

- Uitreiking na andertaliges – vind ‘n manier om hulle te akkommodeer.
- Groeiende Gemeente uit verskillende denominasies wat lei tot ‘verandering’.
- Suid-Afrikaanse immigrante uit verskillende kerkagtergronde en tans onafhanklik van kerkverband saamgevoeg met een doel om die Here te dien.
- Respek vir mekaar oor hoe elkeen sy Christenskap uitleef.
- Generasiegaping tussen 13-23: Jeugbediening moet aangespreek word.
- Liggaamlike behoefte: ons moet meer ingestel wees om behoeftes in die Gemeente en gemeenskap raak te sien en aan te spreek.
- Taal: Afrikaans is eerste taal, maar moet hersien word om Engels in te skakel met twee dienste.
- Dinamika van kerk – tradisionele kerkverbande.
- Uitreiking na ander gemeenskappe soos die bruin gemeenskappe.
- Sou ons, ons aard en ‘karakter’ behou indien Danie nie meer daar sou wees nie?
- Die doel van die kerk moet wees om die Koningkryk van God uit te bou met God se Woord as die enigste denominasie.
- Die kerk moet Heilige Gees-geinspireerd wees.
- Christ minded.
- Ons verloor die Jeug:
- Sondag en kuier in die week.
- Nie toegerus vir alle rasse, maar haalbare strewe om alle soekers te akkommodeer.
- Unieke styl van aanbidding en plek vir groei deur:
- Mekaar beter te leer ken

- Naamplaatjies
- Meer getuienisse
- Daar is net blankes in ons gemeente. Is dit nodig om anderskleuriges te betrek? Ons het wel uitgereik na anderskleuriges en het warmte en vrede ervaar. Hulle kuier wel, maar is nie gemeentelede nie. Daar is 'n behoefte by hulle, maar word betrokke by ander kerke.
- As ouer geslag is ons agtergrond ons probleem. Ons tradisie waaruit ons kom maak dit vir ons moeilik. Veral anderskleuriges.
- Ons strewe wel na die akkommodering van ander kleure en generasies.
- Ons kerk is 'n veilige hawe vir nuwe aankomelinge.
- Afrikaans is 'n kultuur en nie 'n geloof nie.
- Ons moet alle kerkverbande akkommodeer.
- Ons moet alle mense oor die kleur, taal en rassegrense akkommodeer.
- Ons moet 'n veilige hawe vir nuwe aankomelinge wees en hulle toelaat om hulle voete te vind in ander gemeentes waar hulle ook geestelik kan groei.
- Nie net streef nie – ons moet uitvoering gee aan ons strewe.
- Moet ons eie styl vind, toepas en uitbou.
- Dit was die SA geskiedenis – ons is nou in NZ en moet ons toekoms hier uitleef deur die skepping van ons eie 'legacy".

Algemene punte:

- Moet almal probeer hou totdat ons genoeg mense het vir 'n aparte Engelse diens.
- Verander elke jaar.
- Sang – 50% Afrikaans en 50% Engels
- Uitreik na ander Afrikaanse gemeentes soos die bruin gemeenskap.
- Ons moet uitreik na ons Kiwi landsgenote.
- Year 6 – 10 – ons praat nie kinders se taal nie.

- Ouderdom 3–7 – metode vind vir beter kreatiewe leermetodes.
- Fokus op die term soekers in die gemeenskap as om eerder die woorde rasse, kleure en tale te gebruik.
- Naamplaatjies en leer ken mekaar beter.
- Lewering van meer getuienisse.
- Maak plek vir elkeen se unieke styl van aanbidding.
- Maak dissipels van alle nasies en leer hulle.
- Suid-Afrikaanse kerk. Kiwi Suid-Afrikaners.
- Meer ruimte skep vir ander. Riglyn – Woord van die Here. Wees sensitief hoe ons teenoor ander optree.
- Denominasieloos – mense vind 'n geleentheid om 'n nuwe begin te maak.
- Kry kans om jou Christenskap uit te leef en respek vir ander.
- Breek van denominasiegebondenheid en gebruike.
- Groeiende gemeente lei tot verandering.
- Groeiende Jeug wat verengels.
- 'Stepping stone' vir immigrante.
- Ons gemeente laat vreemdes nie welkom voel nie.

Opsomming:

- Erken diversiteit:
- Agtergrond/aanbiddingstyle
- Generasiegroepe

- Wees ware lewende kerk:
- Toekomsgerig
- God as middelpunt

- Aksies/uitreik benodig vir groei:
- Interne generasiegroepe
- Gemeenskap buite (ander tale / kultuur / nasionaliteite)

<u>Gesprek 2:</u> Langtermyn groei van ons gemeente (Deel 1)

Tweetaligheid
Van ons gemeentelede is al vir baie jare in New Zealand en ander heelwat korter. Ander lede se kinders was baie klein met hulle aankoms en ander s'n ouer. Mense se taalvaardighede (Afr/Eng) verskil. Verder is daar ook Suid Afrikaners wat trou met Kiwi's. As gevolg van bogenoemde en verskeie ander redes, is daar heelwat kinders, tieners en volwassenes wat baie sukkel met Afrikaans.

Wil ons na hierdie mense se behoeftes omsien? Kan ons dit prakties doen? Moet hulle na ander gemeentes gaan sodat hulle behoefte gevul kan word ? Wil ons graag 'n tuiste skep vir ons bestaande Afrikaanse lede, maar ook op 'n praktiese en kreatiewe wyse vir die Engelssprekende 'n tuiste skep?

Hoofpunte:

- Ons kinders het verengels en die grotere NZ is Engelssprekend. Ons is 610 gemeentelede in hierdie enorme Auckland wat in Engelse maatskappye werk en wat soedoende jou daaglikse sendingveld word.
- As ons doelwit dan die verkondiging van God se Woord is sal die taal en die akkommodering van Engels nie 'n probleem wees nie.
- Kom ons begin ten minste met ons kinders – hulle is tog die toekoms van ons kerk. Aanstelling van 'n Engelse Jeugpredikant en begin met Jeugdienste. Sodoende het ons, met 'n Afrikaanse diens in die oggend en 'n Engelse diens in die aand, die wonderlike geleentheid om God se Woord in twee tale aan te hoor wat ons taak as sendeling verder sal vergemaklik.
- Afrikaans en Engels moet bedien word anders gaan on sons kinders verloor.

- Die bestaande diens moet steeds in Afrikaans wees. Vind ‘n kreatiewe manier om Engels aan te spreek.
- Die Jeug moet genader word vir die kies van ‘n tydgleuf vir ‘n Engelse diens.
- Wil gesinseenheid in kerk behou – dus tweetaligheidsbehoefte.
- Wil steeds Afrikaanse identiteit behou.
- Oplossing: Hou afsonderlike Afrikaans en Engelse dienste en bepaal so die gemeente se behoefte.
- Twee eredienste – hoe haalbaar is dit?
- Engelse predikant vir die jeug.
- Kerk is ‘n veilige hawe vir die meeste immigrante. Afrikaans is ‘n trekpleister.
- Jeug meer Engels georienteerd – dus behoefte aan ‘n Engelse diens.
- Ons glo dat daar ‘n behoefte is om meer Engels in te bring – target wel ‘n groot groep mense.
- Begin ‘klein’ met ‘n Engelse diens met bv een Engelse diens elke 2 maande of skakel ‘n Engelse susterskerk.
- Ons kultuur is nie taalgebonde nie.
- Wil gesinne bymekaar hou – saam God dien.
- Akkommodeer Engels met ‘n vertalingsdiens.
- Moenie Engelse aanddienste koppel aan ‘n spesifieke ouderdom nie.
- Kinderkerk in Engels en Afrikaans – kinders behou die Afrikaans.
- Afrikaans is basis.
- Interaksie van die verskillende bedieninge met ander kerke.
- God is die middelpunt ongeag die taal.
- Vertalingsdienste vir akkommodering van Engels.

- Skep ‘n tuiste – moenie na Engelse kerke verwys nie.

Algemene punte:

- Ons wil graag omsien na die behoeftes van kinders, tieners en volwassenes wat baie sukkel met Afrikaans; ons kan dit prakties doen; ons wil nie he dat hulle na ander gemeentes moet gaan nie en ons kan in ons Gemeente vir hulle ‘n tuiste skep.
- Ons wil graag na Afrikaans en Engelssprekendes se behoeftes omsien, aangesien ons die gesin as eenheid wil behou.
- Ons kan dit prakties doen deur middel van vertalingsdienste; aanddienste in Engels – begin deur gassprekers uit te nooi soos bv NZ Jeugpastore.
- Ter wille van die behoud van die gesinseenheid wil ons nie dat hierdie mense na ander gemeentes moet gaan nie.
- Ons wil ‘n tuiste skep vir ons bestaande Afrikaanse gemeentelede, maar ook prakties en kreatief vir Engelssprekendes ‘n tuiste skep deur soos hierbo vermeld.
- Ons moet waak teen soos die spreekwoord se dat as jy iets vir almal is, is jy niks vir niemand.
- Kinders se Afrikaans gaan agteruit.
- Pasop dat ons nie net nog ‘n Engelse kerk in NZ word nie.
- Jeugdiens met ‘n Kiwi Jeugpastoor en ‘n oplaai- en aflaaidiens om die kinders na die dienste te trek.
- Dis ‘n Afrikaanse gemeente. Stem saam met Engelse aanddienste.
- Eerste stap vir baie Afrikaanse immigrante.
- Taal is hoe jy jouself uitleef.
- Jeug is meer blootgestel aan tweetaligheid – behoefte aan Jeugdiens wat Engels akkommodeer.
- Engelse predikante uitnooi.
- Ons wil nie families skei nie.

- Engelse aanddienste.
- Kiwis wat Afrikaans wil aanleer.
- Oggend en aanddienste in Engels.
- Tweetalige skerms en blaadjies.
- Afrikaanse en Engelse Predikers.
- Voel dit is 'n Afrikaanse kerk, maar voel dit is nodig om Engels te kan akkommodeer. Geleentheid vir tieners om maats saam kerk toe te bring.
- Ons wil graag hierdie mense akkommodeer, maar dit bly hul keuse waar hulle wil kerk bywoon.
- Ons skep reeds 'n tuiste vir beide Afrikaans- en Engelssprekendes deur middel van ons vertalingsdienste en Promiseland.
- Nuwe immigrante mag dalk minder Afrikaanssprekend wees en kan geakkommodeer word deur 'n Engelse diens een keer per maand, 'n vertalingsdiens.
- Ons moet toekomsgerig wees deur alle generasies te akkommodeer – dissipelskap in twee tale.
- Hou sosiale byeenkomste om alle mense uit te nooi.

Opsomming:

- Afrikaans bring ons bymekaar, maar daar is definitiewe behoefte om met Engels aan te vul.
- Tweetaligheid in die kerk rus alle generasiegroepe beter toe vir die lewe (toekoms) in NZ – intern & uitreik.
- So spoedig moontlik werkbare/praktiese oplossings en planne in werking stel om alle groepe te akkommodeer/toe te rus om langtermyngroei te verseker.

<u>Gesprek 3</u>: Langtermyn groei van ons gemeente (Deel 2)

Jeugbediening

Promiseland dek op hierdie stadium die voorskoolse tot en met 'Year 6' kind se Geloofsonderrig. Aangesien Promiseland tweetalig aangebied word (as gevolg van hul taalvaardighede) word hulle gewoond aan die Engelse woorde in hulle geloofslewe. Meeste kinders praat daagliks dan ook heelwat meer Engels as Afrikaans. Wanneer die tieners dan skielik in die kerk sit vanaf 'year 7' verstaan hulle nie noodwendig die erediens nie. Dit is heel moontlik nie net agv die taal nie, maar ook omdat die boodskap nie op hulle ouderdomsgroep gefokus word nie.

Wat is die beste mannier om hierdie kwessie op te los? Is daar ander gapings en behoeftes waaraan ons moet aandag gee? Is die jong tieners te jonk om saam met die belydenis groep te groei / kuier? Wil ons ons tieners se belangstelling in die kerk prikkel? Wat sou gebeur as ons niks doen nie?

Hoofpunte:

- Behoefte aan meer Jeugaktiwiteite.
- Bv. Vrydagaande – informele jeugbyeenkoms.
- As ons niks doen nie, gaan ons die Jeug verloor.
- Doopbelofte (kinders en ouers): onderwerp vir Omgeegroepe om ouers toe te rus.
- Professionele kundigheid om ons te help om ons kinders te kan bedien en om Jeugbediening te vestig.
- Die Jeug is 'n spesifieke groep wat geteiken moet word.
- Betrek die Jeug by bedienings.
- Bied 'n Jeugseminaar aan om hul insette te verkry.
- Ouerbetrokkenheid by veral die tieners is belangrik.
- Gapings tussen kamp en getalle by Jeugbediening.
- Ondersoek die behoefte aan 'n Jeugpastoor.
- Ouers moet hulp verleen met die Jeug se betrokkenheid.

- Gaping in die bediening van generasies Y5/6 & 7 – betrek al die ouderdomsgroepe by besluitneming.
- Ouers se ondersteuning is belangrik om geloofgroei verder te stimuleer.
- Ouerbetrokkenheid by die geestelike opvoeding van die kinders is belangrik. Die Gemeente is ondersteunend met betrekking to opleiding en toerusting.
- Inkorporeer verandering stelselmatig eerder as drastiese veranderinge.
- Moontlikheid van 'n Afrikaanse Jeugpastoor moet ondersoek word. Lei 18-jariges op om leiding te kan gee.
- Kerk moenie Jeug (toekoms) verloor nie. Europa het nou maar net 2% Christene.
- Jeugselgroepe. Ouers onmisbaar om gestalte te gee.
- Koffiekroeg vir Jeug en ouers.
- Moet 'n voertuig skep vir Christelike waardeontwikkeling.
- Verleng Promiseland met 1 – 2 jaar.
- Ondersoek Jeugdienste by ander kerke om te bepaal wat suksesvol is.
- Bepaal die Jeug se behoeftes.

Algemene punte:

- Ouderdomsgedrewe opleiding.
- Jeugselgroepe skep geleenthede om saam met ander jong Christene te kuier.
- Bediening gerig Bybelonderrig aan kinders enjong mense.
- Promiseland moet ook Beloofde Land genome word – Afrikaans en Engels.
- Windsor Park lok kinders – meer om te doen en daar word vir tieners voorsiening gemaak.

- Koffiekroeg.
- Jeugpredikant.
- Sondag- en Vrydagaande vind meer byval by tieners.
- Nooi Engelse Jeugsprekers uit.
- Geen afdwing van taal op klein kinders nie.
- Nuwe immigrante meer gerig op tweetaligheid.
- Tieners moet meer gestimuleer word om hulle te behou deur temas te bespreek wat op hulle van toepassing is en om hulle toe te rus teen gevare soos dwelms; losbandigheid en internetgevare.
- Verander naam na SA Christelike kerk.
- Ons wil nie net tieners se belangstelling prikkel nie, maar ons wil hulle betrokkenheid bevorder.
- Belydende lidmate moet in hul Belydenisjaar by ‘n bediening inskakel waarvoor hulle ‘n passie het.
- ‘n Jeugseminaar en ouerbetrokkenheid is belangrik.
- Verleng Promiseland tot op ouderdom 13.
- Y 5 & 6 te oud vir Promiseland en Y7 + kinders vind nie aanklank by die kerkdiens nie.
- Ouers moet saam met hul kinders Bybelstudie hou.
- Kinderbediening: 3 -12 jaar
- Jeugbediening: 12 – 15 jaar
- Belydenisgroep
- Kinders verengels.
- Grootste uitdaging is in die 12 + oudersomsgroep.

Opsomming:

- Jeug bly ouers en kerk se verantwoordelikheid. Bly betrokke en ondersteun die jeug deur middel van die regte aktiwiteite en programme.
- Jeugbetrokkenheid:
- Bepaal die behoeftes
- Leer by ander kerke en kundiges
- Ontwikkel die regte programme
- Jeugbediening:
- Selgroepe
- Jeugdienste & Jeugleraar
- Jeugaktiwiteite

<u>Gesprek 4</u>:.Ons gemeente se roeping/visie is: *"Om die mees liefdevolle en uitreikende Christelike tuiste in New Zealand te wees vir gemeentelede, hulle familielede en vriende, asook vir soekers in ons gemeenskap"*

Ons gemeente het 'n visie, wat saamgestel is uit behoeftes van ons gemeentelede. Ons gemeente aktiwiteite en bedieninge moet hierop gefokus bly om langtermyn groei en geestelike verdieping te bevorder. Gemeentelede vergeet die visie en nuwelinge sluit voortdurend by ons aan. Hoe verseker ons dat die Gemeente se visie "vars" bly en aktief nagestreef word deur elke gemeentelid, bediening en aktiwiteit in ons gemeente?

- **Hoe hou ons, ons visie vars?**
- **Hoe streef ons dit aktief na?**

Hoofpunte:

- Bepaal behoeftes en stel in aksie.

- Alle lidmate moet aangemoedig word om betrokke te wees in die Gemeente.
- Aksieplan gerig daarop om gemeentelede aan te moedig om buite hul gemaksones betrokke te raak.
- Liefdevolle dissipelskap.
- Vind geleenthede om Visie te bemark.
- Stel nuwe lidmate ook op blaadjie voor.
- Ondersteun behoeftiges.
- Skep geleenthede vir Geestelike groei.
- Visie is moontlik vertroebel.
- Aktiwiteit – betrokkenheid.
- Organisasie van groepe.
- Leef Visie uit deur hier en nou by mekaar te begin.
- As die Visie sukselvol is moet daar nie daaran gepeuter word nie.
- Kommunikeer die Visie op alle vlakke.
- Credo moet meer Godgedrewe en minder mensgedrewe wees.
- Ruil tradisie vir Visie – ontvanklik vir verandering.
- Netwerking binne Geestelike tuiste.
- Aktief uitreik na Gemeente en gemeenskap.
- Besoekers moet verwelkom word.
- Bewustheid skep binne ons Gemeente.
- Visie sigbaar voor die erediens.
- Kommunikeer Visie met nuwe intrekkers.
- Mede-eienaarskap en bedryf van Credo.
- Hou aktief: erediens en webblad.

- Visie is ‘n maatstaf waaraan ons aksies (tyd en geld) gemeet moet word.
- Weerspieel wie ons is en waarvoor ons staan.
- Gemeentelied?

Algemene punte:

- Gevaarpunte is ‘n stywe atmosfeer; onbekendheid en anti-sosiaal.
- Ons Visie moet die hart van die Gemeente weerspieel en die maatstaf wees waaraan bediening gemeet word.
- Ons moet God gedrewe wees, minder kla en mekaar meer diplomaties benader.
- Elke Gemeentelid moet betrokke wees, idees moet uitgevoer word, die Visie moet heeltyd onder bespreking gehou word om vars te hou.
- Verwys deurentyd na ons Visie.
- Visie moet aan nuwe intrekkers voorgehou word met ‘n tipe ‘Induksieprogram’.
- Webblad. Moenie aanvaar dat almal altyd weet wat ons Visie is nie.
- Een rede: om God te dien.
- Bied Visie in twee tale aan – kort slagspreuk en vertoon terwyl sang aangebied word.
- Bepaal jou passie en gebruik dit as die beginpunt in ‘n bediening.
- Wees oop vir nuwe voorstelle en aanpasbaar ooreenkomstig die Woord en onder leiding van die Heilige Gees.
- Ons kan net ons Visie uitleef as on sweet wat dit is – hou dit sigbaar vir almal.
- Fisiese ondersteuning moet met geestelike ondersteuning opgevogl word.
- Bedieninge is die boustene van die Gemeente.

- Identifiseer die struikelblokke wat veroorsaak dat Gemeentelede onbetrokke bly.
- Aandag skenk aan opleiding van Gemeentelede om die Woord te versprei.
- Meer soos Jesus word.
- Bemark ons uitreikaksies.
- Kinders moet meer by die erediens betrek word, soos bv die insamel van kollekte.
- Formaat van die diens moet die Visie betrek.
- Liefdevolle dissipelskap – saam eet.

Opsomming:

- Rentmeester-/eienaarskap:
- Visie – ken en leef dit.
- Aktief uitleef en geleenthede soek vir toepassing van ons Visie:
- Kreatief/ kommunikasie
- Intern: diens mekaar
- Ekstern: Uitreik na ander
- Hoe sien ons Christus in mekaar raak en hoe bevorder ons dit?

<u>Gesprek 5</u>: Ons maak staat op Roepingsgerigtheid in ons bestuursmodel en bestuurspraktyk.

Tot op hede het ons gemeente se bestuur bestaan uit vrywilligers wat geroepe voel om betrokke te wees by ‘n bediening van sy/haar passie. Die proses bring ‘n groep indiwidue, elkeen met verskillende talente, gawes, energie en beskikbare tyd, bymekaar as Gemeenteraad en

deelnemers. Ons moet besin of hierdie benadering die gewensde resultate lewer en watter moontlike aanpassings gemaak kan word, deur :

Is hersiening van die Bestuursmodel, van die afgelope 12 maande, wat op roeping gerig is, nodig en hoe voel jy daaroor? Watter aanpassings is nodig vir kort-, medium- en langtermyn doelwitte om ons groei te bevorder?

- **Lewer dit die beste resultate – hoekom?**
- **Wat leer ons daaruit?**
- **Watter aanpassings moet ons moontlik maak?**

Hoofpunte:

- Kommunikasie moet verbeter. Gemeente oningelig oor bedieninge.
- Junior Bestuur betrek.
- Bedieninge se take moet beter gedefinieer word – Gemeetelede sal meer bereidwillig wees om hulp aan te bied as hulle weet wat die taak behels.
- Skep 'n ondersteuningsnetwerk vir ons leiers.
- Gemeenteraad en Bestuursmodel moet bemark word as produkte van ons Gemeente.
- Bekendstelling van ons Gemeenteraadslede.
- Daar is 'n gaping tussen die Gemeenteraad en die Gemeente.
- Vrywilligers bemagtig en ondersteun in hul roeping.
- Selgroepe moet derhalwe nie geslote wees nie.
- Deel roepingsvorms jaarliks uit.
- Hou 'n ope-dag vir die bekenstelling van bedieninge.
- Nader Gemeentelede persoonlik om by bedienings betrokke te raak.
- Beplanning vir opvolgers van bestaande Gemeenteraadslede.
- Bestaande Gemeenteraadslede moet 'n ruskans gebied word en derhalwe ook die geleentheid gegun word om by ander bedieninge betrokke te raak.

- Die bestaande Gemeenteraadstruktuur is geslote en word beskou as ‘n eenheid wat nie uitreik nie.
- Gemeenteraad moet Danie beskerm en ‘toesig’ hou oor die Gemeente en vesrpreiding van liefdesgawes aan behoeftiges.

Algemene punte:

- Rolmodel is suksesvol, maar betrokkenheid moet verander.
- Elke Gemeentelid moet betrokke raak.
- Onsuksesvolle areas moet hersien word.
- Spangees in kerk moet bevorder word.
- Voorstelling van mense.
- Bemagtig ons leiers en vrywilligers om hul roepinge uit te leef.
- Model werk en kan wel aangepas word om beter te laat werk.
- Moenie slegs wag vir vrywilligers en geroepenes om na vore te kom nie. Nader Gemeentelede en nooi hulle uit om betrokke te raak.
- Sommige Gemeentelede ervaar die Gemeenteraad as ‘n geslote klub.
- Betrokkenheid/terugvoer van die Gemeente na Raad moet verbeter – Raad se werk word sodoende vergemaklik.
- Voorstelling van die Raad aan die Gemeente.
- Belangstelling in bedieninge sal verbeter as kommunikasie daaroor verbeter.
- Gemeenteraad se take/aksies moet meer sigbaar wees.

Opsomming:

- Bemarking/kommunikasie:
- Bedienings: wie/wat/rolle
- Ken mekaar – veral nuwe mense

- Wedersydse betrokkenheid:
- Vra – moenie wag vir volunteers en geroepenes nie.
- Ondersteuning van Leraar en Gemeenteraad
- Aflos/opvolgbeplanning – mentor vir opvolger / hulp verleen
- Betrek die juniors/jong mense

<u>Gesprek 6</u>: Die rol van Omgeegroepe in die toekoms.

Die afgelope paar maande het ons die waarde en noodsaaklikheid van Omgeegroepe in ons gemeente besef. Dit verskaf die ruimte waar mense mekaar beter leer ken en waar hul geestelik kan groei. Die liefde van Christus word sigbaar wanneer lede vir mekaar sorgdra, mooi verhoudinge opbou, saam tyd spandeer en met mekaar kan deel en praat oor die Woord. Dit gee kans dat ons gawes/passie (s) geoefen word sodat ons mekaar kan ondersteun in allerhande lief en leed asook om vir mekaar te bid. Die doel is nie om 'omgee' net vir onsself te hê nie, maar sekerlik om te vermenigvuldig en na buite die gemeente vir ander iets te beteken.

Wat kan ons doen om mense meer bewus te maak van die waarde van Omgeegroepe? Watter praktiese betrokkenheid sal vir ons lekker wees om in die gemeenskap te doen?

- **Wat is die waarde van Omgeegroepe?**
- **Hoe word dit bevorder en uitgebrei?**

Hoofpunte:

- Kommunikasie:
- Getuienislewering en interaksie met Gemeentelede.
- Platvorm alreeds skep by kindergroepe.
- Balans:
- Sluit kinders in met tye.

- Ondersoek roteringsmodel vir Bedieninge.
- Uitreikend:
- Reik eers na binne uit voordat ons na buite kan uitreik.
- Ondersteuningsnetwerk vir nuwe intrekkers.
- Toerus van ouers.
- Getuienisse in die kerk.
- Noordflits: toon die profile van ‘n Omgeegroep aan.
- Herindelings van tyd tot tyd.
- Opleiding van leiers.
- Huidige lede moet nuwe lede werf.
- Verduideling van omvang van taak (wat word van jou verwag) voordat take uitgedeel word.
- Meer bemarking oor hoe en waar om te gaan soek oor hoe om betrokke te raak.
- Getuinenis lewer oor die waarde van Omgeegroepe.
- Omgeegroepe loods uitreikaksies en deel hul ervarings met die Gemeente.
- Skematiese voorstelling van ons Omgeegroepe met leiers en kontaknommers – webblad.
- Selgroepleieropleiding aanbied.
- ‘n Omgeegroep word jou tweede familie, maar waak teen ‘clicks’.
- Bemarking en nogmaals bemarking.
- Betrek nuwe intrekkers onmiddelik by ‘n Omgeegroep.

Algemene punte:

- Stel Omgeegroepe bekend aan Gemeente.

- Definisie van 'n Omgeegroep – meer as net 'n studiegroep. Uitreiking na binne en buite.
- Twee dimensionele interaksie: sywaarts na ander groepe en opwaarts na die Gemeenteraad.
- Herinner ouers aan hul Doopbelofte.
- Omgeegroepe moet hul aksiebeplanning beskikbaar stel sodat lede daarvoor kan tyd inruim.
- Rotering van Omgeegroepe.
- Uitnodiging na Omgeegroepe, sodat die waarde daarvan prakties ervaar kan word.

Opsomming:

- 'n Omgeegroep – meer as net 'n studiegroep
- Leer uitreiking na binne en buite
- Ondersteuningsnetwerk vir nuwe intrekkers en bestaande lidmate
- Betrek nuwe intrekkers onmiddellik by 'n Omgeegroep
- Rotering van lede in Omgeegroepe
- Opleiding van leiers
- Huidige lede moet nuwe lede werf
- Uitnodiging vir lidmate na Omgeegroepe, sodat die waarde daarvan prakties ervaar kan word
- Bemarking en nogmaals bemarking
- 'n Omgeegroep word jou tweede familie, maar waak teen 'clicks'
- Getuienis lewer oor die waarde van Omgeegroepe
- Omgeegroepe loods uitreikaksies en deel hul ervarings met die Gemeente

---

<u>Totale opsomming en samevatting van die gesprek:</u>

- **Gemeente moet hard werk om eerder 'n kultuur van diens te ontwikkel pleks van om in `n kultuur van ou gewoontes, gebruike, eie-ek, tradisies, taal ens. te verval**
- **North Shore gemeente se karakter moet op die voetspoor van Jesus as Leier gebou word wat bereid is om te dien en nie gedien te word nie!**
- **Elkeen moet die moue oprol en uitspring om binne en buite die gemeente diens te lewer**
- **Nie toelaat dat net `n paar mense take en verantwoordelikhede doen nie – moet visie verstaan**
- **Jeugbediening (tieners) verg aandag met ouers se samewerking en ondersteuning**
- **Diens en dienslewering is 'n sleutel in die ontwikkeling van ons gemeente**